BOEKBESPREKING

LOUW J P (red). 1986. **Sociolinguistics and Communication.** London/New York / Stuttgart: Wêreldbond van Bybelgenootskappe (UBS). 146 bls. R10.

Hierdie publikasie is tegelykertyd die vyfde titel in 'n reeks wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika oor vertaalaspekte gepubliseer word en die eerste in 'n nuwe reeks van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe.

In Januarie 1984 is 'n seminaar onder beskerming van die Instituut vir Intertale Kommunikasie van die Bybelgenootskap by die Universiteit van Stellenbosch gehou. By dié geleentheid is onder andere aandag gegee aan 'n reeks komplekse kultuurfaktore en interpersoonlike verhoudings wat die betekenis van 'n teks kan verander of verklaar. "Sociolinguistics and Communication" het dan as monografie ten doel om laasgenoemde uitgepluisde inligting aan 'n wyer leserpubliek bekend te stel.

In hoofstuk 1 behandel die wêreldgesaghebbende op die gebied van Bybelvertaling, dr. Eugene Nida, die verskillende aspekte van interpersoonlike verhoudings van kommunikasie as "language in action in social context" (p. 48) onder die titel "Sociolinguistics and Translating." In hierdie lang (49 bls.), maar hoogs interessante bydrae gee Nida ook besondere aandag aan isomorfe verhoudings tot betere begrip van Bybelse verhaalstrukture. In dié verband lig hy die verhaal van Josef (Gen. 37-47), die Verlore Seun (Luk 15) en die verhaalstruktuur van die Matteusevangelie vir sy lesers toe. V. N. Webb gee in hoofstuk 2 aandag aan "Some aspects of the sociolinguistics of Bible translation and exegesis, and of religious language". Hierdie bydrae werk met soveel tabelle, verwysings en puur linguistiese terme dat dit neig om by die eerste deurlees onnodig hoogdrawend en selfs oninteressant aan te doen. Die opmerkings oor religieuse taal ("religious language") op p. 78-79 is egter 'n pluspunt.

In hoofstuk 3 lewer B. C. Lategan 'n kort, maar interessante bydrae onder die titel "Reception and Sociolinguistics". Sy bespreking van W. Iser se siening van leser m.b.t. teks is veral van belang vir Bybelvertalers.

'n Bydrae wat predikante leersaam behoort te vind is B. A. Müller se "The role of the sermon in intergroup relationships" (hoofstuk 4). 'n Interessante bevinding is onder andere dat die gemeente 'n imperatiewe noot in die prediking verkies bo 'n bloot indikatiewe mededeling (p. 101).

Die laaste twee hoofstukke (5 en 6) van hierdie publikasie is versorg deur die redakteur, J. P. Louw, en het as titel "Sociolinguistics and its role in text analysis" en "Case studies". In eersgenoemde hoofstuk word vanuit sosiolinguistiese hoek aandag gegee aan enkele eksegetiese vrae. Die indringende aandag aan Johannes 3:5-6 (p. 109-110) is hier veral van belang. Die elf gevallestudies wat in die laaste hoofstuk onder die loep kom, het te doen met bandopnames van ongeïdentifiseerde sprekers voorgespeel aan 'n paneel luisteraars. Alhoewel inhoudelik soms hoogs interessant, is die waarde van hul bevindings vir die vertaalkunde ongelukkig beperk.

Hierdie publikasie is netjies in slapband gebind en taalkundig goed versorg. Dit word van harte aanbeveel vir almal wat met Bybelvertaling besig is of daarin belangstel. I.L.B.

FOWLER, S. 1985. **Biblical Studies in the Gospel and Society.** Potchefstroom: IRS PU vir CHO. Reeks F2. Nr 35. R7,50.

Hierdie titel roep heelwat belangstelling op gesien die verwikkelde vraagstukke en verwronge perspektiewe waarmee die gelowige in die moderne samelewing te kampe het. Daar behoort waardering te wees vir Fowler se poging om hierdie moeilike terrein vanuit Gereformeerde perspektief te betree.

Al kom die werk aanvanklik 'n bietjie saai voor, word wie die moeite doen om aan te hou lees, spoedig ryklik beloon. Fowler slaag daarin om sy lesers hoe langer hoe meer te boei met prikkelende en weldeurdagte perspektiewe. Die aanvanklik minder interessante deel is bloot onderbou vir die rigting waarin die temas later op mekaar voortbou. Reeds teen die helfte van hoofstuk een wanneer hy die abnormaliteit van die wêreld bekyk, begin mens agter kom dat jy hier met die werk van 'n baie nugter en begaafde teoloog te doen het. In die temas wat hierop voortbou, word hierdie peil gehandhaaf en begin die werk steeds meer interesseer.

Hoofstuk 2 handel oor die Woord van God in die wereld en sorg vir verrassende hoogtepunte. Veral die vierde tema, waarin Fowler hom uitspreek oor rigiede literalisme en legalisme as onaanvaarbare metodes van Skrifhantering, sorg vir goeie leesstof.

In hoofstuk 3 bekyk hy sake vanuit die oogpunt van God se koninkryk. Hy beklemtoon op meesterlike wyse die spanning enersyds tussen die "reeds" en die "nog-nie", en andersyds tussen die koninkryk en 'n weerbarstige wêreld wat steeds wesenlik ressorteer onder God se absolute seggenskap.

Hierdie werk en die sistematiese wyse waarop die stof aangebied word, behoort waardevol te wees vir 'n Christen-politikus of -denker wat hom as gelowige wil vergewis van ons roeping in en m.b.t. die wêreld en die gemeenskap waarin ons leef. E.M.V.

FLOOR, L. 1986. **'n Lamp vir almal in die huis.** Pretoria: NG Kerkboekhandel. R14,99

Nog 'n bydrae uit die vrugbare pen van dié bekende skrywer! Hierdie boekie word aangebied as 'n bydrae tot die kontemporêre tendens om die Bybel se relevansie vir die hedendaagse maatskaplike, etiese en sosiale probleme, te toets.

Die skrywer slaag uitmuntend daarin om met die Nuwe Testamentiese huistafels (Ef. 5 : 22 - 6 . 9; 1 Tim. 2 : 8 - 15; 6 : 1 - 10; 1 Pet. 2 : 13 - 3 : 7) aan te toon dat die Bybel ook in 'n moderne samelewing vernuwende en genesende invloed op maatskaplike strukture kan uitoefen.

Die korrekte begrip van die huistafels kan alleen verkry word as dit nie losgemaak word van die groot heilsindikatiewe van Jesus Christus se sterwe en opstanding nie.

Alle imperatiewe, waaronder die huistafels as vermanende lewensreëls vir die Nuwe-Testamentiese gemeente, is teologies in die indikatiewe van die heilsboodskap gefundeer.

Die huistafels is nie bedoel om bepaalde gesagstrukture in die maatskapl ke lewe omver te werp nie, maar om dit te heilig. Só byvoorbeeld, word die begrip "onderdanigheid" in die huistafels verder verdiep as bloot net gedwonge gehoorsaamheid aan die owerheid, tot 'n verhouding waarin juis jou verhouding met Christus ook weerspieël word.

Waar "onderdanigheid" in die tekste voor kom, toon die belangrike uitdrukkinge "in die Here" en "in die vrees van die Here", dat die onderdaan deur sy onderdanigheid ook daarmee in geloof en liefde reageer teenoor God. Die boekie toon weer eens duidelik aan dat nie net die uiterlike handeling in die etiese belangrik is nie, maar dit gaan primêr om die gesindheid van die hart.

Ongelukkig het enkele kleinighede die vloei in gedagtegang op sommige plekke versteur. Op p 2 die eerste par. ontbreek Efesiërs se tekstgedeelte. Op p. 43 in die struktuuranalise het die motiverende gedeelte van v 23 weggeval en dit laat "Verlosser" as kernwoord op p. 44 in die chiasme ongemotiveerd. Die skrywer gee op 'n helder rigtinggewende wyse prikkelende homiletiese lyne vir die prediking. Almal wat dit erns meen met die opbou van die gemeente en spesifiek die Christen se posisie in die koninkryk van God, kan gerus die boekie lees.

J. L. Venter.

Instituut vir Reformatoriese Studie. 1986 **Onderskeiding van die geeste: Hedendaagse Pinksterstrominge in Suid-Afrika.** Potchefstroom. PU vir CHO. 147 bls Prys R8,00

Soos 'n soort getygolf het verskillende charismatiese en neopentekostalistiese strominge gedurende die afgelope twee tot drie dekades oor die kerke van die wêreld gespoel — ook in Suid-Afrika. Dit wil voorkom asof die aantrekkingskrag van hierdie bewegings nog steeds nie afneem nie. Inteendeel, juis in die tagtigerjare met hulle onsekerhede op baie terreine, die versaakliking van die lewe en die toenemende vereensaming lyk dit of dié strominge aan invloed en getalsterkte wen.

Hierdie publikasie wil 'n handreiking bied aan elkeen wat binne dié soms verwarrende situasie tot 'n verantwoorde "onderskeiding van die geeste" moet kom. Juis daarom verdien die benadering wat hier gevolg word, hoë waardering. Volgens B J van der Walt "wou hierdie werk nie graag weer daaraan meedoen dat Christene mekaar swartsmeer nie." Daar is gepoog om ook standpunte wat nie aanvaar word nie, "ernstig" te neem "en noukeurig in die lig van die Skrif te toets". (p i) Nadat J H van Wyk as inleiding 'n waardevolle oriëntering ten opsigte van die "Pinksterteologie" gegee het en die historiese agtergrond van die Pentekostalisme in die algemene kerkgeskiedenis (J Botha) nagegaan is en spesifiek ook teen sy Amerikaanse agtergrond (P W Buys) afgeëts is, gee P J Coetzee 'n beskouing oor "John Wesley — die Arminiaan" en P J Buys oor "Pentekostalisme in Suid-Afrika".

Hoofstukke 5 tot 10 behandel enkele onderwerpe wat voortdurend in die gesprek met die Pentekostalisme na vore kom Die Heilige Gees en die kerk (P J T Koekemoer) die doop met die Heilige Gees (C F C Coetzee),

die plek van die Bybel in die geloofservaring (L Floor), die kinderdoop (C J Malan), die gebruik van ongewone tale of klanke (S A Strauss) en geloofsgenesing (B J Engelbrecht). In die voorlaaste hoofstuk behandel Ph Snyman die implikasies van die Pinksterbewegings se standpunt vir die roeping van die Christen buite die kerk. Afsluitend wy J J van der Walt 'n hoofstuk aan die kerk se antwoord op hierdie strominge.

Dit is duidelik dat 'n benadering soos dié wat in hierdie publikasie voor oë gestel word, naamlik om die bedoeling van ander standpunte te probeer begryp en daarná eers tot 'n beoordeling te kom, hoë eise aan skrywers stel. Oor die algemeen kan gesê word dat hierdie benadering — uiteraard binne die beperkings van so 'n versamelwerk — tog in 'n mindere of meerdere mate dwarsdeur die boek volgehou is. Op hierdie wyse kry die leser enigsins 'n beeld van wat die Pinksterbeweging volgens sy eie getuenisse en binne sy verskillende nuanseringe wil wees, maar ook waar hy hom duidelik aan kritiek vanuit die Skrif blootstel. Niemand sal seker beweer dat die laaste woord met hierdie boek gespreek is nie. Op talle punte sal die gesprek ongetwyfeld moet voortgaan. In verband daarmee kan die saamgestelde bibliografie aan die einde van die publikasie baie bruikbaar wees: (Dit is net jammer dat 'n verwysing na die driedelige standaardwerk, "Presence, power, praise", wat in 1980 onder redaksie van K McDonnell verskyn het, ontbreek. Daarin is 92 dokumente wat tussen 1960 en 1980 deur verskillende kerke oor die hele wêreld in verband met die charismatiese beweging opgestel is, saamgevat).

Om op te som: die Instituut vir Reformatoriese Studie kan met hierdie boek gelukgewens word. Dit is nie alleen 'n navolgenswaardige voorbeeld van vrugbare samewerking tussen teoloë uit die drie Afrikaans-Calvinistiese kerke nie, maar bied in 'n netjiese en bevatlike vorm 'n insig in en beoordeling van hedendaagse Pinksterstrominge in Suid-Afrika.

Terwyl die hele bundel 'n wye leserskring verdien, kan ek nie na'laat om die laaste hoofstuk ("Teen hierdie strominge die kerk") besonder aan te beveel nie. Dit is 'n juweel — en myns insiens verpligte leesstof, ten minste vir elke gereformeerde ouderling, diaken, predikant en teologiese student!
Paul Kruger (Bloemfontein).

WETHMAR, C. J. (red). 1986. **Die taal van die Bybel en die predikant.** Pretoria: NG Kerkboekhandel. 61 bls. R7.50.

Hierdie is die eerste publikasie in 'n belowende nuwe reeks: Universiteit Pretoria Teologiese Studies wat deur die Teologiese Fakulteit (Ned. Geref. Kerk) van die UP uitgegee word. Die bydraes in die boek het oorspronklik gedien as referate tydens 'n seminaar wat die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding in Augustus 1985 aangebied het. Die doel van die publikasie is om aan die leser 'n dieper insig "in die komplekse gebeure wat Bybelvertaling is" te gee. Dit bestaan uit drie artikels wat handel oor die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (NAB): Kritiese Eva'uering, van die Nuwe Testament (J P Louw), die Ou Testament (W. Vosloo) en 'n bydrae deur V. N. Webb wat hy noem: Kommunikasie in die erediens.

Louw stel in sy evaluering van die NAB (Nuwe Testament) dat die aard en opset van enige vertaling deur twee sake bepaal word (a) wat word vertaal en (b) vir wie word vertaal? Daarom kan daar meer as een vertaling wees en hierdie vertalings moet dan naas eerder as teenoor mekaar gebruik word. Die leser kan kies watter soort vertaling vir watter behoefte benodig word. As die leser graag wil sien wat die segswyse van die grondteks was, gebruik hy die letterlike vertaling en as hy wil weet wat die grondteks sê, moet 'n dinamiese vertaling gebruik word. Hy toon oortuigend aan dat die NAB "'n semi-dinamiese" vertaling is.

Louw help in sy artikel die leser om selfstandig na Bybelvertalings te kyk en dit op grond van aangeduide beginsels te beoordeel. Sy styl is eenvoudig, geïllustreer met voorbeelde en sy artikel (ook dié van Vosloo) is waardevolle aanvullings by die publikasies van die Departement Diakoniologie van die PU vir CHO "In ons eie taal".

Vosloo wys in sy artikel (die Ou Testament) op die groot invloed wat die Statevertaling van 1637 op die Afrikaanse vertaling van 1933 gehad het, veral wat die OT betref. Hy maak waarderende opmerkings t.o.v. die NAB wat saamgevat word in sy stelling: "Die NAB het sonder twyfel die Ou Testament weer verstaanbaar gemaak". Dit is, volgens Vosloo, aan twee dinge toe te skryf: 1) die Hebraïsmes is verafrikaans en 2) die kennis van die taal, kultuur en omstandighede van destyds het so toegeneem dat onverstaanbare sinsnedes nou verstaan en sinvol vertaal kan word. Hy gebruik talle voorbeelde om sy stelling te staaf. o.a. Hosea 5 : 1 - 2. Kritiek teen die NAB gaan t.o.v. struktuur, want "die oorspronklike struktuur en ontwerp van 'n teksdeel is nou op baie plekke minder sigbaar of het selfs verdwyn", teen perikoop- en paragraafindelings, opskrifte by perikope en poësie ("Die vertaalwyse het dit moeilik gemaak om die poëtiese aspek oral weer aan die man te bring"). Hierdie is almal geldige punte van kritiek.

Vosloo handel ook oor die vertaling van Godsname en die "Messiaanse" verwysings (soos hy dit aandui). Hoewel hy baie kortliks hieroor moes handel omdat dit nie die hoofsaak van sy artikel is nie, oortuig sy argumente nie heeltemal nie. Hy toon aan dat nuwe vertalings deur die eeue heen gemengde gevoelens en selfs geweldige weerstand ontlok het. Tyndale, bv., wat in die begin van die sestiende eeu die Bybel in Engels vertaal het, moes met sy lewe daarvoor boet.

Eksemplare van die "Today's English Version" is deur teenstanders daarvan plegtig begrawe met 'n grafskrif "Here rests Today's English Version". Vosloo gee twee interessante faktore aan wat die weerstand teen die NAB verhoog:

(1) "die verdwyning van die mistiek rondom onverstaanbare woorde en uitdrukkings ("goedertierenheid") as gevolg van die ontbloting van die betekenis deur die NAB.

(2) "'n Vrees dat die toerusting en bekwaamheid om 'n teks te hanteer ontoereikend kan word, aangesien die eksegeet nou verplig word om meer van die grondteks gebruik te maak'.

Hoewel Vosloo ook pleit vir 'n naas-mekaar gebruik van die NAB en OAB kry 'n mens die sterk indruk dat hy die twee vertalings in vergelykings teenoor mekaar stel. Die spreekwyse NAB en OAB lei verder daartoe dat die

leser die indruk mag kry dat die 1933/53 vertalings 'n ondergeskikte plek teenoor die 1983 vertaling inneem.

Die derde artikel se opskrif skep hoë verwagtinge by die leser (Kommunikasie in die erediens). Webb gee basiese beginsels vir kommunikasie en bly deurgaans so teoreties dat hy nie deurdring tot die werklik effektiewe kommunikasie in die erediens nie. Hy toon aan dat 'n beduidende aantal lidmate die erediens van die drie Afrikaanse kerke as 'n betreklik oninspirerende monoloog ervaar en as 'n gebeurtenis wat soms intellektueel, soms emosioneel, en soms intellektueel én emosioneel nie bevredig nie. Die fout lê syns insiens nie by die Goddelike boodskap self nie, ook nie by taal as sodanig nie, maar waarskynlik by die gebruiker van die taal. Hy bespreek dan die faktore wat die vorm van 'n boodskap bepaal, die sosiokulturele aspekte van talige kommunikasie, die gesprekskarakter van die erediens preek en die taalkeuses van die predikant. Hy pleit vir 'n kerktaal wat nie vreemd sal wees aan die gemeenskap waarbinne die kerk hom bevind nie. Dit kan selfs daartoe lei dat die godsdiens uiteindelik ervaar word as iets lewens- en wêreldvreemds. Die saak wat Webb aanraak is baie aktueel maar die predikant en erediensdeelnemer word by die deurlees van die artikel nie begelei om daadwerklik die kommunikasie in die erediens te verbeter nie.

B J de Klerk.

BOEKE ONTVANG

Van der Walt, T. 1986. Bible Studies on the Kingdom of God. Potchefstroom: PU for CHE/IRS. 31p.

Van der Walt, B. J. Des 1986/Jan 1987. Bybelse verrassings oor die vrou. Potchefstroom: PU vir CHO/IRS. 39p.

Trimp, C 1986. De Preek: Een praktisch verhaal over het maken en houden van preken. Kampen: Uitgeverij Van den Berg. 36p.

Trimp, C. 1986. Heilsgeschiedenis en Prediking: Hervatting van een onvoltooid gesprek. Kampen: Van den Berg. 119p.